South African Agricultural Machinery Association
Suid-Afrikaanse Landboumasjinerieassosiasie

P.O. Box/Posbus 1159
Edenvale
1610
South Africa/Suid-Afrika

Telephone/Telefoon (011) 453-7249
Telefax/Telefaks (011) 453-9710

- PERSVRYSTELLING -

07-02-2018

Januarie 2018: TREKKER- en STROPERVERKOPE

Kleinhandelverkope van landboumasjinerie vir **Januarie 2018** was soos volg:

	Maand Januarie		Persentasie verandering	Jaar-tot-datum Januarie		Persentasie verandering
	2018	**2017**	**%**	**2018**	**2017**	**%**
Trekkers	527	478	10.3	527	478	10.3
Stropers	8	16	-50.0	8	16	-50.0

Trekkerverkope van 527 eenhede in Januarie is aansienlik (10%) meer as die 478 eenhede wat verlede Januarie verkoop is. Stroperverkope van agt eenhede in Januarie is die helfte van die 16 eenhede wat verlede Januarie verkoop is.

Soos in geval van verkope in Desember, was trekkerverkope in Januarie verrassend goed en dit dui daarop dat die mark steeds positief is. Daar is op die oomblik verskeie interaktiewe faktore wat die landbou- en landboumasjineriebedryf beïnvloed. Hoewel goeie reën geval het in baie van die somergewasgebiede, was reën in die hele somerreënvalgebied baie wisselvallig en dit het gelei tot wisselvallige gehalte van gewasse. Weens die laat reën in sekere gebiede, het sekere boere sonneblom in plaas van mielies aangeplant. Verkope word ook beïnvloed deur banke wat huiwer om vir boere geld te leen om kapitaaltoerusting aan te koop, hoë voorraad gewasse wat oorgebly het na verlede jaar, die huidige bedrukte pryse vir gewasse en die sterker rand. Dit is baie moeilik om die uitwerking van al dié faktore op verkope van toerusting oor die korttermyn te bepaal. Ramings in die bedryf vir die 2018-kalenderjaar bly nietemin dat trekkerverkope minstens teen dieselfde vlakke sal bly as verkope vir 2017.

Lucas Groenewald
Voorsitter: Suid-Afrikaanse Landboumasjinerieassosiasie

Kontak: mnr. Lucas Groenewald (082) 804-8463 of dr. Jim Rankin (011) 453-7249